HOUTBEWERKING SG **NOVEMBER 2006**

ALGEMEEN:
Byskrifte moet bestaan uit die naam en die afmetings en moet tussen gidslyne in hoofletters gedoen word. Vraag 1 moet asseblief in pen beantwoord word, maar alle tekeninge en byskrifte MOET met ’n skerp potlood gedoen word. Slegs die antwoordblaaie wat voorsien word mag gebruik word. Geen los of ekstra tekenblaaie mag aan kandidate gegee word nie. Sommige kandidate maak steeds gebruik van die departementele antwoordboeke om Vraag 1 te beantwoord terwyl daar voorsiening gemaak is op die antwoordblad.

VRAAG 1
Word oor die algemeen goed beantwoord , maar meer aandag sal gegee moet word aan die basiese terme wat in die vak gebruik word. Heelparty het nie die twee tekeninge herken nie en kon dus nie die vrae beantwoord nie.
VRAAG 2
Alhoewel baie kandidate goeie antwoorde gegee het, het heelwat kandidate min of geen begrip getoon van wat verlang is nie. Hulle het nie geweet wat ’n friespaneel is nie. In baie gevalle is die deur geteken sonder kosynstyle of deurstyle. Aandag sal gegee moet word aan die gefatsoeneerde bo-reling.
VRAAG 3
Hierdie vraag is van baie goed tot swak beantwoord waar insig ontbreek het. Kandidate moet daarop gewys word dat onderdele los van mekaar is. Slegs die onderdele wat gesny word, word getoon terwyl die raamstyl en kosynstyl nie getoon word nie. Alle groewe moet getoon word.
VRAAG 4.1
Hierdie vraag word redelik goed beantwoord, maar sommige kandidate wat dit wel aangepak het was nie daarmee bekend nie.
VRAAG 4.2
Hierdie vraag is met gemengde welslae aangedurf. In baie gevalle het insig ontbreek en die kandidate het nie geweet hoe die onderskeie onderdele in mekaar pas nie.
VRAAG 5
Hierdie vraag is deur min kandidate aangepak en is met min sukses beantwoord deur die meeste. Dit wil voorkom of paneelwerk afgeskeep word.
VRAAG 6.1
Die ontwerp en teken van die stoel was uiters swak en toon ’n gebrek aan insig. Dit wil voorkom asof die gedeelte van die syllabus wat handel oor meubels afgeskeep word.
VRAAG 6.2
Sommige kandidate het goeie tekeninge gemaak, maar die oorgrote meerderheid wat wel die vraag aangepak het, het egter min insig getoon. Senterlyne word verkeerd aangedui.